
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Ek het gekom dat julle lewe en oorvloed kan hê - Joh. 10:10

Ons lees in Lukas 4:18 en 19 die woorde van Jesus toe Hy in die sinagoge opgestaan het en Sy doel aan die mense verklaar het: **Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die Evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is te genees; om aan gevangenis vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur.....**

Dieselfde waarheid kom na vore in Handeling 10:38 **... met betrekking tot Jesus van Nasaret. Hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deur gegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.** Satan is die dief en vernietiger en sy doel is om elke persoon wat in hierdie wêreld gebore word te verbrysel, en te bind (gevange te hou).

"Die dief (Satan) kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek (Jesus) het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê"(Joh. 10:10).

Jesus Christus wat dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid, het gekom om die vyand se werk te vernietig. Onskuldige kinders is dikwels die prooi van die vyand, en hulle dra hierdie wonde van verbryseling vir die res van hulle lewens en is nooit vry om die persoon te wees wat God bedoel het hulle moes wees nie. Vrees, onsekerheid, bitterheid en verwerping is bewyse van Satan se werk. En hierdie verdrukking van die vyand bly daar totdat dit ontbloot is en Jesus hulle aanraak. In ons tyd is dit dikwels God se Kinders, die liggaam van Christus, wat ly as gevolg van hierdie wonde en kneusplekke van Satan. Kneusplekke veroorsaak skeiding tussen lede van een gesin, en tussen lede van Jesus se liggaam want vrees en wantroue bring skeiding en die vyand voer heerskappy.

Die Kneusplekke van Satan

Satan se doel is om te kneus.

Dit was so voorspel van die begin af.

God praat in Gen 3:15 en sê "... Ek sal vyandskap stel tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt." (Hierdie Woord byt is vertaal in die Engelse KJV Bybel as 'kneus') Jesus was op die kruis verbryseld en God se Woord was bevestig. "... terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel" (Jes.53:5).

"... dit het die Here behaag om Hom te verbrysel"(Jes.53:10).

Jesus het ook op ander maniere gely, 'n intieme vriend het Hom verraai, Hy was verag (Jes 53), beskuldig (Matthéüs 12:24), gehaat en verlaat.

"... die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom"(Jes.53:5). Ons moet onthou, Jesus het vir ons ontwil gely.

Satan vermink deur kneusing

Onskuldige kinders is van Satan se uitgesoekte doelwitte. Vrees val jou kinders aan, en verwerping kry 'n vastrapplek in 'n jong gemoed en so 'n kind word 'n volwassene wat dit onmoontlik vind om lief te hê of liefde te ontvang. 'n Kind wat misbruik en mishandel was, sal vol vrees en teruggestrokke wees of anders vol rebelsgesindheid. **God se kinders** is van Satan se uitgesoekte doelwitte. Nuwe Geesvervulde gelowiges is voorwerpe van aanvalle van suspisie

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Eh het gekom ...)
en verwerping en diens aan God word beskadig deur leuens en onderverdeling. Satan gebruik misverstande, valse beskuldigings, verwerping en vrees om te knak en te vermink.

Kneusplekke Bind

Kneusplekke bind ons aan die een wat ons seergemaak het, bind ons aan bitterheid en aan liefdeloosheid; om te ontvang en te gee, en Satan se set **knoop** ons behoorlik vas. Maar halleluja! **Jesus het gekom om hulle wat gekneus was, te verlos. Hy maak hulle vry wie se gemoed gebonde is, wie se gees gebonde is en Hy genees die indiwidu se liggaam sowel as Sy Liggaam hier op aarde. Om onvoorwaardelik te vergewe is die antwoord!!**

Bitterheid

Baie Kinders van die Here is soos 'n appel wat laat val word en gekneus word – daar is geen uiterlike teken van skade vir 'n paar dae nie. Maar dan kom 'n donkerkol te voorskyn wat verrotting bring en bederf. Net so werk bitterheid in 'n mens se lewe.

" Pas op dat niemand in die genade van God veragter nie, dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwerk en baie hierdeur besoedel word nie"(Heb.12:15).

Bitterheid werk soos gif in die siel en spruit voort uit seerplekke wat opgedoen word in menslike verhoudings. Die algemeenste gebiede is die kind-ouers en die man-vrou verhoudings en ons weet dat die diepste seer kom voort vanaf die een wat die naaste aan jou is. **En bitterheid besoedel jou hele gestel:** dit kom voor in jou praat, jou gesindhede, jou optrede en takel jou fisiese gesondheid af. Jou bitterheid besoedel ook andere. Bitterheid bou mure van afsondering uit vrees dat jy verder sal seerkry, uit wantroue, uit vrees dat jou kneusplekke blootgelê gaan word en uit eensaamheid. Dit sny mense uit die samelewing uit en maak hulle baie krities teenoor andere. Verbreekte verhoudings veroorsaak dikwels blindekolle wat verhoed dat ons verstandig optree, ons self sien soos ons is en ook nie ander sien soos hulle is nie. Ongevoeligheid spruit voort en ons lewens word selfgesentreerd en min agting vir ander mense se behoeftes word getoon. Onvolwassenheid is ook 'n uitvloeisel van wanverhoudings want alhoewel 'n persoon fisies groot word, eindig sy emosionele ontwikkeling daar waar hy die kneusplek opdoen. So hervat ontwikkeling as genesing en verlossing plaasvind. Onvergewensgesindheid is die wortel van bitterheid, en blaam gaan oor in haat. Misleiding word algehele verderf. Ons kan daarom aflei dat bitterheid eintlik die saadbedding vorm van elke bose werk. Dit sal enige Kind van God vernietig. Die teenmiddel hiervoor is om gedurig 'n gees van vergifnis te hê. As Satan wil kneus en verbrysel, moet dit nie ontvang nie, maar vrywaar jouself onmiddelik hierteen deur te vergewe. Kies om nie in onvergewensgesindheid te wandel nie, want hierdie gesindheid laat vir Satan 'n wettige deur oop in jou lewe wat hy aangryp en binnekom met verdrukking en treitering. Satan het nie respek vir 'n Christen wat met onvergewensgesindheid rondloop nie, bitterheid volg weer met sy aaklige vrugte.

"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word" (Luk. 6:37). Lees net hoe pragtig word hierdie teks toegelig in die Engelse Amplified Bybel: "... **acquit and forgive and release ' give up resentment, let it drop), and you will be acquitedand forgiven and released."**

Vergifnis is dus die sleutel tot die vrymaking van bitterheid.

"... en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld"(Matt.18:27).

Vergifnis is die enigste oplossing. Dit is God se antwoord. As jy seerplekke, bitterheid en onvergewensgesindheid met jou saamdra is jy gebonde aan die verlede, jy is onbevoeg om in die teenwoordige tyd te lewe, en hierdie bitterhied vloei deur na jou huidige verhoudings. Hierdie seerplekke bind jou aan persone in jou verlede, en die verbygaande tyd verander of genees nie onvergewensgesindheid nie. Marteling en pyniging is die uitvloeisel van seerplekke en onvergewensgesindheid. Lees Matthéüs 18:21-35.

Ons vergifnis stel weer God se vergifnis aan ons vry.

"Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie"(Matt.6:14 en 15). Lees ook Markus 11:23, Ef. 26 EN Ef. 4:32.

Vergifnis en verlossing gaan hand aan hand (Ef. 1:7).

Sien hoe Jesus Sy moordenaars vergewe het aan die kruis.

Vergifnis stel **God se genesing vry** in jou. Vergifnis is dus 'n definitiewe keuse van die wil: **jy kies om te vergewe.** Moenie na gevoelens soek nie, dit kom later. Sodra jy iemand vergewe, begin God om jou kneusplekke te genees.

'n Praktiese oefening

Maak 'n lysie van wanverhoudings in jou huidige lewe en van die verlede.

Ontleed hulle en soek die rede vir die swak punte.

Vergewe elke keer die persone in hierdie verhoudings

Bid vir hulle en vra God om hulle te seën. In sekere gevalle sal die Here van jou verwag om die persone op te soek en hulle om vergifnis te vra vir jou swak gesindheid teenoor hulle.

" En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, bewaak my hart en verstand in Christus Jesus" (Fil. 4:7).

Die kneusplek van verwerping

Die mens is geskape na die beeld van God. Sy basiese behoeftes is liefde en komminikasie. Wanneer blootgestel aan verwerping , word die

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Eh het gekom ...)
persoon liefde, sekuriteit, aanvaarding, indentiteit en erkenning ontsê. Dan kan hy nie meer liefde gee of ontvang nie. Die gevolge is verminking en aftakeling van die mens as 'n geheel.

"Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die Here geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom so aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat 'n man van smarte en bekend met krankhede; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie (Jes. 53: 1-3). Dit was wat Jesus deurgegaan het.

Wortel van verwerping

Soos voorheen genoem is die ouer-kind verhouding een waaruit baie ernstige verwerping voortspruit. Voor geboorte; aangenome kinders of ouers wat nie kon liefde oordra nie. Hierdie ouers het miskien een van die volgende probleme: hulle ly self as gevolg van verwerping, alkoholisme, geld en materiële dinge gee in plaas van liefde, te besig met besigheid of sosiale verpligtinge; krities en verwag altyd perfeksie.

Hieruit spruit dan voort dat (1) 'n kind wat nie die nodige liefde van sy vader ontvang het nie, dit moeilik sal vind om 'n bestendige verhouding met God die Vader te handhaaf; (2) 'n kind wat opgroei met verwerping sal eerder verwerping as liefde van God aanvaar en (3) Die ouerbeeld is die model waarop die kind sy verhouding met God bou.

In die alledaagse samelewing kom verwerping ook voor as 'n persoon daarin misluk om sekere sosiale waardes te aanvaar. Kom dit nou by die mens se verhouding met God vind ons dat die mens ontvanklik is vir verwerping weens sonde, en die skuldgevoel bring self verwerping. Die gevolge van verwerping is talryk, en persone wat probleme ondervind met vertroue in ander, het oor die algeneem diep wortels in verwerping. Emosionele onvolwassenheid spruit voort uit verwerping wat weer verdere afwykings en wanverhoudings bring, veral in die huwelik. Dan is daar nog eensaamheid en vrees, die ontsettende ongeluk van self-verwerping waar 'n negatiewe selfbeeld gehanhaaf word, vol kritiek oor jouself en teenoor ander mense. Self-identiteit gaan dikwels verlore, maar omdat **die mens na God se beeld geskape is kan die mens slegs in God deur Jesus sy indentiteit vind.** 'n Onstabiele verhouding met God kom dikwels ook weens verwerping en liefde vir God word vervang met **besig wees vir God in plaas van geloof en vertroue.**

Vryheid van verwerping

Begin deur hulle te vergewe wat jou verwerp het en gee al jou verwerping oor aan Jesus Christus. **Hy het klaar die prys betaal** – hy was verag en verlate deur mens en God(Jesaja 53:3). Lees dan God se beloftes in Jesaja 54:4-6 en Jer. 30:17. Besef wat jou ware identiteit is in Christus Jesus.

Dieselfde beeld as Jesus (2 Kor.3:18)
Sy maaksel (Ef.2:10)
'n Nuwe Skepsel (2 Kor.5:17)

Aanvaar jouself deur jouself die verlede te vergewe en die Vader se liefde te ontvang. Onthou, **by God is daar geen verwerping nie!**

Gekneus en genees

As 'n Kind van God is jy deel van Christus se Bruid wat deur die Heilige Gees voorberei word vir die Bruidegom om te wees sonder vlek of rimpel (Ef.5:27).

Ons moet die Here toelaat om ons te genees van alle kneusplekke sodat ons deel van Sy vlekkelose Bruid kan word. Innerlike genesing herstel verhoudings tussen vriende, familie en mede-Christene.

"Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes, en kyk of daar by my 'n weg is van smart en lei my op die ewige weg!"(Ps. 139:23 en 24)

"…. Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart…. om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraard vir as, vreugdeolie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees…." (Jes. 61: 1).

Die sleutel tot innerlike genesing vind ons in **Fil.3:14: "Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."** Vergifnis maak jou vry en die verlede en pyn wat jou daaraan gebind het. Dit skenk jou vrede en jy ondervind die teenwoordigheid en liefde van die Here,

God se voorwaardes

Omdat daar sò baie deure in en uit jou gees en verstand is, moet jou sekuriteitsdiens van bewaking baie bekwaam wees om die vyand, **Satan, geen plek te gee nie (Ef.4:27).** Maar ons loof God dat in Hom ons die **mees bekwaamste Veiligheids-beampte** het, en as ons maar net onsself heeltemal aan Hom oorgee, Hy in staat is om ons volkome te bewaar. Die mens bestaan uit 'n liggaam, 'n siel en 'n gees, en die Here het ons in die afgelope jare geseën met wonderlike fisiese genesing vir duisende mense. Hierdie genesing vind plaas omdat ons weer ons posisie as die Nuwe Testamentiese Kinders van God inneem en nie langer verblind word deur menslike leerstellings wat vir ons leer dat handoplegging vir siekes, uitdrywing van duiwels en spreek in tale net vir die tydvak van die Nuwe Testament was nie (Mark.16:18). God sê Sy Woord verander nooit (Ps.119:89) en Jesus, die Vleesgeworde Woord (John.1:1 en 14) sê Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid! (Heb.13:8). Deur Jesus se wonde het daar vir ons genesing gekom! (1 Pet.2:24). En dan sê Jesus in **Joh.14:12-13:…. wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat ek na my Vader gaan…."**

(Vervolg op Bl. 4)

*(Vervolg vanaf **Bl. 3**—Eh het gekom ...)*

Ek kan seker al die volgende, en nog baie meer, bladsye dek met getuienisse van mense vir wie ons die afgelope 34 jaar gebid het en wie hulle genesing van God ontvang het; kanker, bloedkanker, maagsere, hartkwale, epilepsie, verlamming van een of ander aard en feitlik elke siekte wat jy aan kan dink. Die vraag word dikwels gevra, waarom alle mense dan nie genees word as daar vir hulle gebid word nie, en ook hieroor kan ons baie lank gesels, maar ek sou sê die twee belangrikste redes is (1) onbelyde sonde in 'n persoon se lewe, en hier is wat die meeste voorkom **onvergewens-gesindheid** en **deelname** nou, of in die verlede, **aan okkultiese bedrywighede;** (2) **die woorde van jou mond waarmee jy die ongeloof in jou hart bely.**

Maar ons weet dat die mens se liggaam en siel en gees so intens saamgevleg is dat ons met die voorafgaande vraag ook nie verby die innerlike mens moet kyk nie, want as daar innerlike bostings en spanninge en skuldgevoelens is, is daar altyd fisiese manifestasies. Dikwels ontaard diepe weersin en haat in maagsere, en genesing volg nie voordat hierdie innerlike 'goggas' uitgegooi is nie. Kwaai vrees en bekommernis kan tot hatprobleme lei. So kan ons aangaan, en, alhoewel ons baie deeglik besef dat God soewerein is en ons Hom nooit kan bind of manipuleer met ons redenasies of woorde nie, weet ons verseker dat Sy Wil vir ons **GESONDHEID is (3 Joh. 2) en moet ons maar altyd na one eie lewens terugkyk met selfondersoek as genesing nie plaasvind nie.**

Onthou Jesus weet alles van jou af, en nogtans het Hy jou lief. Hy wil vir jou die ewige lewe skenk. Hy wil jou vrymaak van alles wat jou nog gebonde hou. Hy wil jou liggaam genees. Hy wil al jou kneusplekke wegneem, pynlike emosionele wonde en herinnering uit die weg ruim... Aanvaar Sy groot liefde vir jou. □

Knowing the Fullness of God's Plan For You

Your Will is Creator God's gift to you and is your very own. God will not exert His Will over yours neither does He allow your enemy , the devil to control your will. Each day your will, the choices you make using your will, direct yourlife and your eternal desting. God does not choose for you. Your will chooses between good and evil and if it is used to come in line with God's Will for you, it will bring forth a glorious harmony between your Creator and yourself. By choosing to bring your will in line with God's Will for your life, in every decision and choice you make, you will know the fullness of God's plan for you and His awesome power, ability and strength working on your behalf, from day to day.

The Potential of your Will

Our emotions indicate how we are feeling, our mind tells us what we think and our will shows what we want! The will is that part of us which enables us to choose and God has not only provided us with a will, but has also given us the ability to choose. The will of man is his true self – his will reveals his character.

Our spiritual lives begin with a choice, because one chooses to submit to God's Will and pleasure. God's Will then becomes your aim and goal for your life instead of self, and repentance is turning away from the "self life" and of sin and rebellion and turning to God through Jesus Christ. The spiritual life is more than just emotions and intellect, it involves your will coming into line with God's Will.

A spiritual embracing takes place when your will unites with God's Will. Obedience springs forth because disobedience is to follow your own will. Your heart becomes one with God's. Rom. 13:14: But put on the Lord Jesus Christ, and make no provision for the flesh to fulfill its lusts.

The will is our censor when it comes to dealing with past experiences and situations as the devil bombards our minds and emotions with things from our past. We can choose to listen to and react upn his lies or reject them. If you neglect to actively choose to withstand a specific thought which the devil is trying to bring to your mind for the purpose of destruction, your inadvertently allow his lie to do its dirty work in your life. It is your will which closes the door on him. Your will not to dwell on that which he constantly tries to feed into your mind and which does not line up with the Word of God. Lies of rejection, self pity, hate, bitterness etc. Every time you resist Satan, through a choice of your will, God will confirm your decision and you will grow spiritually stronger.

A Bound Will

Deception is the greatest danger when it comes to our wills being bound. For example we read in I Thes.5:18: In everything give thanks." This does not mean that everything that happens to us is God's Will. What it does mean is that regardless of my situation or circumstances, I will continue to praise and thank God for all the good things in my life: James 4:7 says: Therfore submit to God. Resist the devil and he will flee from you. Draw near to God and He will draw near to you. Cleanse your hands, you sinners, and purify your hearts, you double minded. Another example is Matt.6:10: "Let Thy Will be done." This does not mean that you have no choice because God's Will is going to take place in my life anyway. What it does mean is that I choose to do His Will. This is an active choice not state of passivity. God's Will is never a replacement of your active will to choose.

Passivity and fatalism are both enemies of the believer and not scriptural. God cannot use you if you choose not to use your will and make a decision according to His Will for you. Very often lying spirits take advantage of this state of passivity and use it to their advantage. Inactivity of the will is identified by the inability to handle situations, half completed jobs inability to concentrate or take lead.

A Liberated Will

It is impossible that you may have received and believed a lie regarding yourself or cicumstances and deception has crept in. A free will always acknowledges that: "I may be deceived," and wants to walk in the fullness of truth about yourself. Establish how far you have allowed the enemy to gain ground in your life by the measure of the inactivity of your will. Your will must be activated

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Knowing the fullness….)

and this is possible by reacting according to God's Will and building up your faith. Rom.10:17 tells us that: So then faith comes by hearing, and hearing by the Word of God. You need to know God's truth for every area of your life and the lives on your love ones and that can only be found in God's Word, the Bible. Begin by making decisions and sticking to them. Sometimes you may make a wrong decision but accept the responsiblity. We are in spritual welfare (according to James 4:7) so we must resist the evil one. You and I must take possession of our minds and not allow Satan any ground.

Do not think for one moment that he will give up that easily and you may sometimes feel a little desperate under his renewed attacks – but be encouraged by the knowledge that those are usually his final attempts to get you to give up and give in. The victory is yours through the finished work of Jesus on Calvary. When your will is once again in control of your spirit, soul and body – you are truly free. Prov. 25:28, 2 Cor.10:51, 1 Cor. 8:27.

The enemy's strategy in the battle for your Will is passivity. God's command is action, "Exercise your will to be in line with God's Word and Will at all times, this is real action and absolutely imperative. □

What Happens When The Wife Initiates Divorce?

1. SHE GETS OUT FROM UNDER GOD'S CHOSEN PROTECTION AND EXPOSES HERSELF TO UNNECESSARY TEMPTATION

Part of the meaning of submission is "to get under the protection of". When wives are told by God to "submitt to their own husbands" (Ephesians 5:22; I Peter 3:1), He is basically saying, "Wives, get under the protection of husbands".

No matter how inadequate a husband may be, he is God's ordained means of protection and thus a safer "umbrella of protection" than a wife will have when she gets out from under his authority.

Some of the problems Satan might bring into her life include: worry, envy, jealousy, fears, bitterness, wrong decisions, stubborness, insecurity, selfishness, guilt and anxiety.

2. SHE RELEASES HER HUSBAND FROM THE PRESSURE OF GOD

A husband's conscience is greatly relieved when he can tell other people that his wife didn't understand him and decided to divorce him. Note the pressure that God places on any husband who puts away his wife, especially when she has a submissive attitude. (Malachi 2:13-15)

3. SHE ESTABLISHES A DIVORCE PATTERN FOR HER CHILDREN

Rather then demonstrating to her children that marriage is a relationship "till death do us part, " she is saying in effect, "if marriage doesnt turn out the way you want you can always end it."

4. SHE FREES HER HUSBAND TO DAMAGE ANOTHER WOMAN'S LIFE

A divorced man can easily convince another woman that if his former wife had her qualities the marriage never would have broken up. But the basic character deficiencies God was trying to reveal and correct in him by his first wife's reaction will only be repeated in his new marriage.

5. SHE ALLOWS THE ENEMIES OF THE LORD TO REVILE GOD AND JUSTIFY THEMSELVES

Throughout the country divorce is becoming something very accepted. When people hear of various couples getting divorces, it only assures them that divorce is an acceptable way of dealing with problems. When Christians get divorced, it removes guilt from others who are contemplating it.

6. SHE REVEALS A DOMINANT WILL IN HERSELF

7. SHE INSTILLS REBELLION TO AUTHORITY IN HER CHILDREN

In order to justify her divorce, she must reject the divine position of her husband and focus attention on his human personality. Her children are then taught to do the same to her and others in authority.

8. SHE ESTABLISHES A TEMPORAL VALUE SYSTEM

By divorcing her husband, she is saying that a relationship which lasts only for a time is more important than developing character qualities which last for eternity. The very pressures of the marriage were God's means to develop these character qualities in her, her husband, her children and others in her world. In light of this, a wife must view her marriage as only a dress rehearsal for the real marriage in heaven. Bitterness or anxiety over the financial settlement with further demonstrate a temporal value system

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - What happens when the wife...)
to children.

9. SHE CONFIRMS THAT HER BASIC MOTIVES WERE GETTING, NOT GIVING

The essence of love is giving to the basic needs of others without motives of personal gain. A divorce reveals that her focus was on expectations that he did not fulfill, rather than on giving to his needs.

10. SHE DENIES HER CHILDREN THE HERITAGE OF OBSERVING A GODLY RESPONSE TO SUFFERING

When a mother suffers for doing right, she develops and demonstrates Godly qualities. These not only have the power to win her husband, (I Peter 3:1-6) but also teach her children to respond to suffering. (I Peter 2:18-24) More is instilled in a child by example than is learned by instruction.

11. SHE FORCES HER CHILDREN TO TAKE SIDES

One of the basic pruposes of a family is to build loyalty. When a father and mother have conflicts with each other, the children are divided in loyalty and prompted to take up offences against one or both parents.

12. SHE RISKS HAVING HER CHILDREN RESENT HER FOR REMOVING THEIR FATHER

Because children need a father and because they see things more objectively as they grow up, they will tend to forget or minimize their father's failure and blame their mother for taking away their father from them.

13. SHE CREATES AN ATMOSPHERE OF DEEP LONE-LINESS FOR HERSELF OR HER CHILDREN WHICH TENDS TO RESULT IN A NEW MARRIAGE AND A NEW SERIES OF PROBLEMS

A divorced woman's need for protection, security, companionship and authority for the children are strong factors prompting her to rationalize a remarriage. □



uit **Dr James se kantoor**

Liewe Familie in Jesus,

Ek dank u vir die spoedige wyse waarop ons lesers julle nuusbrief hernuwing afgehandel het. Ons waardeer julle aanmoedigings en liefde wat so oorweldigend na vore gekom het. Julle sal nooit besef hoeveel diè liefdes gebaar vir ons beteken het, en hoe dit ons bemoedig om weereens met volle vaart die bediening wat die Here aan ons toe vertrou het met nuwe moed aan te durf nie.

Ons is baie opgewonde oor die wonderlike getuienisse wat ons ontvang en natuurlik ons Hemelse Vader kry al die eer en lof vir Sy wonderlike werke in die lewens van Sy kinders. Elke kosbare getuienis herinner ons aan die opdrag wat God ons gegee het in Matt. 15 verse 30-31 toe Hy ons die opdrag gegee het om die evangelie te verkondig en die siekes te genees, nadat ek tot bekering gekom het en die wedergeboorte ontvang het, en ek die Here ernstig gevra het wat ek moet doen.

"En ondertussen kom daar groot menigtes na Hom met kreupeles, blindes, stommes, gebreklikes en baie ander by hulle, en hulle het dié by die voet van Jesus neergesit, en Hy het hulle gesond gemaak, sodat die skare verbaas was om te sien dat stommes praat, gebreklikes gesond word, kreupeles loop en blindes sien; en hulle het die God van Israel verheerlik."

Hierdie opdrag was 'n werklikheid vir die afgelope 34 jaar. Al wat ons moet doen is om die siekes by Jesus se voete neer te lê. Hy doen die werk en Vader God ontvang die lof en eer! Niks het verander vanaf Bybelse dae, want Jesus is die selfde, gister, vandag en tot in ewigheid. Ons liefde vir Hom word net meer en meer elke dag, soos ons Sy getrouheid ondervind deur die bevestiging van Sy Woord deur wonders en tekens volgens Sy belofte in Markus 16:20.

Ons wil julle baie bedank vir al julle liefde en ondersteuning en ons eer ons Hemelse Vader vir Sy genade en voorsiening wat ons in staat stel om uit te reik na die verlorenes en siekes. Wees verseker van ons liefde en gebede vir u elke dag, soos ons Sy kruisdood in herinnering bring.

Baie liefdegroete

Dr James

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil net met 'n dankbare hart al die lof en eer aan Jesus Christus bring. Dr James baie dankie vir u en u span se kragtige inspirerende woord en gebede tot God ons Vader. Ek het so 'n maand gelede 'n e-pos gestuur vir gebed vir my dogter, Muriel se arm wat 'n aggressiewe kanker het. Ons dogter is toe geopereer en weer toetse geneem. Prys Jesus se wonderlike Naam! Sy is GENEES!! Jesus Christus is die Grootste Geneesheer. Muriel is genees deur die kragtige bloed van Jesus Christus. Baie, baie dankie vir julle gebede. Ek prys God vir ewig. Halleluja!! Liefde groete aan almal.

Mev L Bezuidenhout, Drie Riviere

Ek wil net getuig van ons Heer se goedheid en getrouheid! Ek het verskriklike pyn ervaar in my regterbeen, dit was onuithoubaar. Daar was 'n stukkende plek ook van 4cm breed wat nie wou genees. Na 9 maande se pyn het die dokter 'n kiem toets gedoen en gevind dat daar drie sensitiewe kieme in my been was. Ek het u dadelik geskakel vir gebed. Binne vyf weke was die pyn totaal weg, en die stukkende plek het heeltemal genees! Ek gee die Here al die lof dank en eer!! Danksy vir u kragtige gebed by die Sentrum en my volharding in gebed, het die naam van Jesus Christus, die Satan se houvas op my gesondheid verbreek. Prys die Here. Baie dankie! Die Here seën u. Baie dankie! Die Here seën u. Groete

R. v d Hoogen, Linton Grange

Groete in die Naam van ons Verlosser vir elkeen van u by die Sentrum! O, ek wens ek kan daar by u uitkom om u almal te ontmoet en te sien hoe alles lyk – ons kom al so 'n lang pad saam dat u vir my soos familie voel.! Die Here is wonderlik goed vir my – Hy sorg elke dag. Ek was vreeslik bang om alleen in die grote huis te bly, veral snags. Ek het weereens u boekie "Vry van Vrees" bestudeer en die Here het die vrees totaal weg geneem. Hy het ons mos nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing! Ek is so dankbaar vir u liefde en voorbidding deur die jare – dis WONDERLIK om so 'n ondersteuning sisteem te hê. Ek bid dat die Here u nog baie lank vir ons almal sal spaar, dat die Woord gesaai kan word vir 'n honger wêreld – ons sien dit elke dag om ons dat die mense honger is vir die Woord! Baie liefde.

Muriel, Adelaide

Ek wil net eers baie dankie sê vir al julle gebede vir my, ek het vir julle gevra dat julle asseblief vir my sal bid. Ek het 'n knoppie in my linkerbors gehad. Ek was toe hospitaal toe vir 'n biopsie, maar ons getroue Skepper en Vader het gesorg dat dit nie kwaadaardig was nie. Ons kan net Hom loof en prys vir alles wat Hy gedoen het. Ek sê ook dankie vir julle almal wat vir my gebid het. Prys Sy naam. Baie groete almal.

Mev G Barnard, Pretoria

Ek wens julle 'n geseënde Nuwe Jaar toe. Baie dankie vir julle gebede. My een broer Martin vir wie julle gebid het, het heeltemal opgehou met drank en sy lewe reggeruk. Prys die here!!

Mev Lotz, Port Elizabeth

Ek het gevra dat Dr. James vir my moet bid wat my prostaat klier betref. Dit het nie reg gewerk nie. Ek is nou heeltemal gesond wat die klier betref. Ek wil baie dankie sê dat Dr. James vir my gebid het en ek wil baie dankie sê vir ons Hemelse Vader en Jesus wat my genees het. Ek voel geestelike en verstandelik ook beter. Ek bid ook vir julle almal by die Sentrum.

Johan Binneman, Durban

Eerstens wil ek u net graag baie bedank vir u gebede. Daar is al so baie genees na u gebede, en ons dank die Here vir die genesing van Sanet waaroor ek u voorbidding gevra het vir haar nier met 'n vergroeisel aan. Nadat u gebid het was daar geen vergroeisel. Prys ons Hemelse Vader!!

Mev Joubert, Touwsrivier

Baie dankie Dr. James, ek waardeer u gebede. Ek het verlede jaar vir u geskryf en voorbidding vir my kleinseun Benjamin te vra. Hy het mos 'n gewas in sy keel gehad. Dr. die Here het hom aangeraak en gesond gemaak, die gewas is weg! Al die eer aan die Here, is Jesus nie wonderlik nie! Hy doen vandag nog wonderwerke!

Mev Pienaar, Nelspruit